
26 Julie 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN




"Aangesien julle dan Christus Jesus
as Here aangeneem het,
moet julle in verbondenheid met Hom lewe,
**in Hom gewortel en op Hom gebou.**"

Kol 2: 6,7a

## EREDIENSTE

**VANDAG**
**Deuroffers:** Koninkryksfonds
Ds Anton
*Gewortel in rus.*
*Keer terug na die Bron.*
Kol 2:6-7

**08:30**
Kontemporêre diens
Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**
Klassieke Diens

**10:30**
Belydenisklas

**19:00**
Open Door Sundays
*Past Adam*

## PROGRAM

| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |
|---|---|---|---|---|---|
| **27**<br>19:00<br>Bestuursraadsverg | **28**<br>08:30 Soepel Seniors<br>09:30 Silwerjare Komitee<br>19:00 Doopgesprek | **29**<br>05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>19:00<br>Omgeegroepbyeenkoms | **30**<br>08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudie-groep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | **31**<br>15:00 Heideboetiek | **1**<br>09:00 Heideboetiek<br>09:00 Wit olifant verkoping<br>09:00 Huweliksvoor-bereidingskursus |


Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**JULIE**

**26:** Minnie Nothnagel
**27:** Elsa du Plessis
**28:** Danie Smit, Thea van Zyl (80jr)
**31:** Jane Smith (91jr)



## DOOP

Ouers wat hul kindjie nog volgende naweek wil laat doop, moet die kerkkantoor asb môre-oggend (Ma) kontak.

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

## MEELEWING

Louisa Klue is verlede naweek oorlede. Ons is baie hartseer saam met haar kinders en kleinkinders en ons bid dat hulle by die Here vertroosting sal vind.

## VERKIESINGSREGISTRASIE

Sa 1 Aug en So 2 Aug is daar weer 'n geleentheid om te registreer as kieser of veranderinge deur te gee. Dit kan by Heidekoppie in die Kleuterlokaal gedoen word. Ingang vanaf Stasieweg.

Dit kan ook op die IEC se webtuiste aanlyn gedoen word:
https://www.elections.org.za/pw/
Hier kan jy ook kyk waar jy moet stem.

## NUWE LIDMATE TEE

Nuwe lidmate word uitgenooi om saam te kom koffie/tee drink eersk Sondag 2 Augustus tussen die twee oggenddienste (ongeveer 09:50).




Heerlike koffie word elke Sondag gedurende skoolkwartale na afloop van die eerste oggenddiens bedien. Heeltemal gratis! Almal is welkom.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# KWARTAAL 3 EREDIENSTE

## RUS




| | |
|---|---|
| So 26 Julie | Gewortel in rus. Rooted in rest. |
| So 2 Augustus DOOP | Bly in My. Remain in Me. |
| So 9 Augustus VROUEDAG | Ester. Gestuur na die regte plek. |
| So 16 Aug 08:30 COMMUNION (contemporary service) 10:15 NAGMAAL | Rest for the weary servant. Rus vir die moeë dienaar. |
| So 23 Augustus | Nie meer ek nie, maar die Gees in my. |
| So 30 Augustus | Vind rus in die gewone. Find rest in the ordinary. |
| So 6 Sep GETUIENISSON-DAG met Yolandé Korkie. EEN diens om 08:30. | God se rus skep ruimte vir ander. Rest that makes room. |
| So 13 September 08:30:Contemporary service 10:15: Klassieke Diens | Rest that makes us gentle. Rus wat ons sagmoedig maak. |
| So 20 September | Gestuur vanuit rus. Sent from rest. |

**OPEN DOOR SUNDAYS om 19:00**

Voorlopige datums (mag dalk verander): 26 Julie, 23 Aug, 6 Sep, 20 Sep


# RACHAM








Kos-, vadersdag- en kinderbederfies ♥




# HUWELIKSKURSUS

- Aanlyn
- 4 x 1 uur sessies Wo aande om 19:00 in Augustus
- R50/sessie (per paar of enkelpersoon )
  R150 indien al 4 sessies gedoen word.

*Vir ou getroudes & jong getroudes, gelukkiges & ongelukkiges.*
*Almal kan baatvind by 'n sterker huwelik!*

## 19H00

| | | |
|---|---|---|
| 05 Aug | Amanda Swanepoel | DENKE |
| 12 Aug | Rose-Hannah Brown | KOMMUNIKASIE |
| 19 Aug | Bettie Rall | KONFLIKHANTERING |
| 26 Aug | Ilse Roux | FINANSIES |

## INSKRYWINGS

Kerkkantoor of Google-vorms:

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

*Aanbieders*

Amanda Swanepoel: "coach" en Co-CEO van Brightstar Lifestyle
Bettie Rall en Rose-Hannah Brown: Ervare sielkundiges van Rall&Brown Sielkundiges
Ilse Roux: Besigheidseienaar en outeur

Die Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
www.heidekoppie.com




## VERSTERK JOU HUWELIK!

**(ADVERTENSIE OP DIE VORIGE BLADSY)**

Almal se huwelike gaan nou en dan deur 'n rowwe tyd. Kinders, skool, werk, finansies, sport, familie, gesondheid, ontspanning, vriende - daar is soveel balle om in die lug te hou en jou huwelik is dikwels laaste op die lys.

Of jou huwelik nou op 'n hoogtepunt, 'n laagtepunt of net so-so is - dit is altyd belangrik om aan te hou bou. Die probleem is net die TYD. Waar kry 'n mens tyd om te "bou"? Op die ou end beland baie mense by beraders wanneer hulle huwelik reeds te ver uitmekaar geval het om te red.

**Hier is nou die ideale geleentheid om jou huwelik te versterk en mekaar beter te verstaan.**

Die aanbieders is almal professionele mense en jy gaan nie sommer weer 'n geleentheid soos hierdie kry teen so 'n bekostigbare tarief nie.

Indien jy nie op die lewendige uitsending kan inskakel nie, sal 'n opname nog 'n week lank by die skakel beskikbaar wees.

Skryf in by die kerkkantoor of op Google-vorms:
https://forms.gle/DmxAwhMwmEQwPTA46 .

## VANAF DIE AANBIEDERS

DENKE - AMANDA SWANEPOEL

"Is jou gedagtes regtig gefokus op alles wat "waar, edel en rein is" soos Filippense 4:8 ons aanmoedig? Verstaan jy die rede hoekom ons 'n gedagte moet gevange neem? - 2 Kor 10:5 "terwyl ons... elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus."
Ons denke kan ons hele lewe bepaal en daarom moet ons erns maak met wat die Woord vir ons hieroor sê.
Kom gesels saam oor hierdie belangrike en moontlik lewensveranderende tema."


KONFLIK- BETTIE RALL

"Trou is maklik... dis net die 'verskille' daarna wat oefening verg! Kom leer hoe om beter te luister, minder en mooier te baklei en oplossings te vind wat albei baat."

FINANSIES – ILSE ROUX

"Ons gesels oor finansies in die huwelik (ons eie getuienis), hoe om van skuld ontslae te raak, hoe om vooruit te beplan, mylpale om vooruit in gedagte te hou, hoe om kinders van finansies te leer.
Dit is onmoontlik om van finansies te praat sonder om oor God te praat. Nooi God in jou finansies in en sien hoe nuut jou hele lewe word."

"Daar is niks so belangrik as dat julle mekaar liefhet asof julle eie lewe daarvan afhang nie. Die liefde sien ander se foute oor en gaan nie daaroor te kere nie." 1Petr 4:8



# VERKOPE

**VOLGENDE VRYDAG EN SATERDAG**

Klere en wit olifante - kom maak 'n draai!




Winste ten bate van Racham se kospakkies.




# OMGEEGROEPE

Ons eerste omgeegroep byeenkoms word beplan vir eersk Woensdag 29 Julie om 19h00 in die saal. Die geleentheid is vir almal wat by omgeegroepe wil inskakel.



Ons wil graag daardie aand die voorlopige indelings in groepe afhandel. Elke omgee-groep kan dan besluit waar hulle bymekaar gaan kom, hoe gereeld, ens. Daar sal daardie aand ook 'n eenamalige oppasdiens vir babas en kinders wees.



# KOSFEES 2026




## KOSFEES BEPLANNING

Ons Kosfees (basaar) vind vanjaar plaas op Saterdag 7 November.
Wil jy saam kom dink, droom en beplan?

**Woon die eerste beplanningsbyeenkoms Maandagaand 3 Aug om 19:00 by!**
Ons kom in die konferensiekamer bymekaar. Ingang vanaf die agterste parkeerterrein.

*Navrae:* Tanielle by 082 484 4336 of Stephan by 083 293 5716.



## KOSFEES - HELP ONS MET 'N UITLEGPLAN!

Die Kosfees (basaar) vind vanjaar plaas op Saterdag 7 November.
Indien iemand toegang het tot AutoCad of soortgelyke sagteware en bereid is om ons gratis te help – ons wil graag die uitleg-planne van die kerkgeboue en terrein in elektroniese formaat en op een tekening kry, sodat ons dit in die toekoms kan gebruik wanneer ons die uitleg vir die Kos-fees of ander geleenthede beplan.

*As jy kan help, skakel asseblief die kerkkantoor (021 981 2690) of Stephan by 083 293 5716.*

# ALLERLEI






**KRATTE**


Ons gebruik gereeld kratte met deksels (soos hierbo) as stoorplek by die kerk. Indien jy 'n krat het (ongeveer 110 liter) waarvan jy ontslae wil raak, seën ons gerus daarmee!



**PLASTIEKSAKKE BENODIG**

Racham gebruik die sakke om gevriesde produkte vir kospakkies in te pak. Lewer af by die kerkkantoor of bring saam kerk toe.

*Baie dankie!*









# BID SAAM - CRISIS RESPONSE NETWORK

**Heidekoppie het deur die loop van die afgelope 2 jaar begin betrokke raak by CRISIS RESPONSE NETWORK (CRN).**

CRN CRISIS RESPONSE

CRN is 'n christelike NPO. Die organisasie is wêreldwyd betrokke saam met reeds bestaande organisasies (bv hulpverlenings- en barmhartigheidsorganisasies). Wanneer hulle bewus raak van bepaalde krisisse in die wêreld, koördineer hulle bystand. Hulle poog om die lyding van slagofffers tydens krisisse te verlig en ook om volhoubare bystand te implementeer.



Yolandé Korkie - Mede-stigter en direkteur van CRN

**Some of our Network Partners**

TSU International
CCI Crisis Consulting International
HopeAlive268
Living Hope
Rise Against Hunger
Integer Network
Member Care Southern Africa (NPC)
The Resilience Resource
Mercy Air
TSS Technical Surveillance Solutions, LLC
Just Mediation

'n Paar van hulle medewerkers.




Gebiede in die wêreld waar CRN tans betrokke is.

https://crisisresponsenetwork.net

https://www.facebook.com/CrisisResponseNetwork







Bloem Shelter
NPO 590-712 | PBO 930032683
EMPOWERING WOMEN TO DISCOVER THEIR POTENTIAL




Ons gaan in die toekoms meer gereeld gebedsversoeke deurgee en sodoende bekend raak met hulle werksaamhede.

# IN DIE OMGEWING







